Boys' Primary School
Tel. 872-4651 Fax: 872-0689
P.O. Box 141
Main Street
PAARL
7622

Primêre Seunskool
Tel. 872-4651 Faks 872-0689
Posbus 141
Hoofstraat
PAARL
7622

postmaster@paarlboysp.co.za
http://www.paarlboysprimary. org.za

Omsendskrywe: 09/2012 25 Januarie 2012

Geagte Ouers

INSAKE: KLEURE-ATLETIEKBYEENKOMS

Ons skool se Kleure-atletiekbyeenkoms vind op **Maandag, 30 Januarie 2012,** plaas. Ons gee graag vir u die volgende inligting ten opsigte hiervan deur.

1. Die byeenkoms word vanjaar op die atletiekbaan van **Hoër Jongenskool** gehou. HJS se baan is op hulle sportterrein te **Brugstraat** geleë.
2. Al die seuns in die Grondslagfase neem aan twee wedlope deel. Die seniors kon inskryf om aan sekere items deel te neem.
3. Op die keersy van hierdie brief verskyn 'n program van die dag se gebeure indien u sou besluit om u seun te kom aanmoedig.
4. Die seuns kom Maandag soos normaalweg, skool toe. Ons sal net na **08:00** met hulle in groepe na die veld stap. Graad 1-leerders sal met bussies aangery word na Brugstraat. Ons moedig egter ouers aan om hulle seuns om 07:45 by die atletiekbaan af te laai. Daar sal personeellede wees om hulle te ontvang. Die byeenkoms eindig om **13:45** en u kan dan weer u seun by HJS se velde kom oplaai na afloop van die byeenkoms. Die res van die leerders sal weer in groepe na die skool stap. Die personeel sal hulle vergesel en sal dan om ongeveer 14:00 by die skool arriveer. Die nasorg gaan na 14:00 voort soos normaal.
5. **GEEN SEUN MAG HJS se TERREIN SONDER VERLOF OF TOESIG VERLAAT NIE. Die byeenkoms eindig om 13:45.**
6. Al die deelnemers kom Maandag in hulle **atletiekklere** skool toe (sonder 'n tas). Die **wit sporthempie** kan ook gedra word. Slegs LO-blou broekies word toegelaat. Seuns moet tekkies met kort sokkies dra. Geen plakkies word toegelaat nie. Seuns wat nie deelneem nie, dra hulle skooldrag. 'n Baie vriendelike, dog dringende versoek dat u as ouers asseblief sal toesien dat hulle seun 'n hoed of pet (wat gemerk is) dra en sonskerm aanwend. 'n Plastiekbottel met koue water sal baie help.
7. Daar sal 'n snoepie wees.
8. **Neem kennis** dat die velditems reeds op **16 en 17 Januarie gedurende skoolure**, op ons eie veld plaasgevind het.
9. Sterkte aan al die kleurgroepe.

Atletiekgroete

R. Bartlett
ATLETIEK-ORGANISEERDER

H. Bester
PRINSIPAAL

Boys' Primary School
Tel. 872-4651 Fax: 872-0689
P.O. Box 141
Main Street
PAARL
7622

Primêre Seunskool
Tel. 872-4651 Faks 872-0689
Posbus 141
Hoofstraat
PAARL
7622

postmaster@paarlboysp.co.za
http://www.paarlboysprimary. org.za

Circular: 09/2012 25 January 2012

Dear Parents

RE: COLOUR ATHLETICS MEETING

Our school's colour athletics meeting will take place on **Monday, 30 January 2012**. Below one will find the necessary information:

1. The meeting will be held at **Boys' High athletics track**. The BHS track is at the sports grounds in **Brug Street**.
2. All the boys in the Foundation Phase will be participating in two races. The senior boys entered themselves into various items to participate in the meeting.
3. A timetable appears on the reverse side of this letter should you decide to come and support your son.
4. The boys come to school as usual on Monday. Just after **08:00** we will walk to the field in groups. Parents are however welcome to drop their sons off at the BHS athletics track at 07:45. Staff members will be there to meet them. The meeting ends at **13:45** and you may come and fetch your son at the field. The remaining learners will again walk back to school in groups and will be there at 14:00. The staff will accompany them. The aftercare will be open.
5. **NO BOY MAY LEAVE THE BHS SPORT GROUNDS WITHOUT PERMISSION OR SUPERVISION BEFORE 13:45**.
6. All the participants come to school in their **athletics clothes** on Monday (without a suitcase). The **white sport shirt** may also be worn. The blue PT pants must be worn. No flip flops may be worn, only sport shoes. Boys who are not participating come to the athletics meeting in their school uniform. We would like to make an urgent request to all parents to ensure that their son has a hat or cap (which is clearly marked) and also sunscreen. A plastic bottle with cold water is recommended.
7. There will be a tuck shop.
8. **Please take note** that the field events already took place on **16 and 17 January during school hours** at our own field.
9. Good luck to all the teams.

Kind regards

R. Bartlett
ATHLETICS ORGANISER

H. Bester
PRINCIPAL